# DIE AFRIKANER IN DIE JARE DERTIG: 'n DEKADE VAN TRAUMA EN SPANNING

A.J. POSTHUMA
OKVA

Die twintigste eeu het die Afrikaner as volksgroep voor nuwe uitdagings te staan gebring. Die Britse imperiale beleid ten opsigte van die Boererepublieke was uitgewoed en 'n nuwe versoeningsbeleid is teenoor die Afrikaner veral in die twee Noordelike kolonies gevolg. Hoe moes dit verwerk word? Daar kan beweer word dat die Afrikaner se politieke beskouings vir die eerste vyftig jaar sedert 1902 oorheers was deur 'n innerlike stryd om betreffende Britse imperialisme tot rus te kom.

Die geskiedenis van Afrikanernasionalisme in die vroeg-twintigste eeu kan alleen begryp word as dit as psigologiese produk van sy negentiende eeuse ervarings gesien kan word. Die skok van vryheidsverlies het 'n diepgewortelde weersin of antipatie in Britse imperialisme tot gevolg gehad. Daarom, ten spyte van 'n grootmoedige gesindheid van die kant van Brittanje verál sedert 1906, kon Afrikanernasionalisme in sy twintigste eeuse gewaad hom net nie daartoe bring om die hand na Brittanje uit te steek nie.

Bogenoemde stelling is natuurlik nie waar van alle Afrikaners nie. 'n Beduidende groep wat agter generaals Botha en Smuts ingeval het, het inderdaad voordele in 'n groter assosiasie met die Britse Gemenebes van Nasies gesien. Implisiet aan Afrikanernasionalisme was voordurend 'n dualisme; 'n stryd tussen "ware Afrikaners" en "vergewensgesindes". Die bestaan van twee Afrikanerpartye sedert 1914, naamlik die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party illustreer hierdie punt duidelik. Dit was veral in die jare dertig wat hierdie middelpuntvleitende faktor in Afrikanergeledere tot spanning sou lei.

Die post-1902-opset in Suid-Afrika was vreemd vir die Afrikaner. Politieke partye waaraan hy nie gewoond was nie, is gevorm. Daarbenewens het die industriële omwenteling tot grootskaalse verstedeliking aanleiding gegee wat beide Blankes en Swartmense geraak het. Die transformasie van 'n agrariese na 'n industriële samelewing was omvattend, finaal en snel. Die Afrikaner se verskuiwing na die stad was 'n noodwendige gebeurtenis waaraan hy weinig kon doen. Meer nog; ten spyte van die feit dat die Afrikaner oor politieke beheer in die nuwe Unie beskik het, het die kapitaal en vaardigheid agter die verindustrialiseringsproses uitsluitlik uit Britse geldbronne gekom.

Binne drie dekades, of een mensegeslag, het die Afrikaner stadsmens geword.

Die volgende statistiek gee 'n aanduiding van die tendens van verstedeliking by die Afrikaner:

TABEL 1

PERSENTASIEVERDELING VAN DIE BLANKE PLATTELANDSE EN STEDELIKE BEVOLKING IN DIE VIER PROVINSIES VIR DIE JARE 1904, 1921, 1936 EN 1960

| | KAAPROVINSIE | | TRANSVAAL | | O.V.S. | | NATAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | Platteland | Stedelik | Platteland | Stedelik | Platteland | Stedelik | Platteland | Stedelik |
| 1904 | 45,3 | 54,7 | 44,6 | 55,4 | 66,4 | 33,6 | 39,5 | 60,5 |
| 1921 | 42,5 | 57,5 | 36,0 | 64,0 | 58,3 | 41,7 | 26,0 | 74,0 |
| 1936 | 40,3 | 59,7 | 31,1 | 68,9 | 54,3 | 45,7 | 23,6 | 76,4 |
| 1960 | 18,2 | 81,8 | 14,7 | 85,3 | 23,6 | 76,4 | 11,3 | 88,7 |

TABEL 11

PERSENTASIE AFRIKAANSSPREKENDES VAN DIE TOTALE BLANKE STEDELIKE BEVOLKING VAN SUID-AFRIKA VIR DIE JARE 1926, 1936 EN 1960

| | 1926 | 1936 | 1960 |
|---|---|---|---|
| Johannesburg | 24,2 | 28,0 | 30,7 |
| Kaapstad | 22,7 | 24,1 | 23,3 |
| Durban | 6,4 | 10,0 | 16,3 |
| Pretoria | 38,0 | 61,4 | 74,3 |
| Port Elizabeth | 24,3 | 34,6 | 43,5 |
| SA | 40,1 | 41,0 | 55,0 |

Bron: Tabel I en II, E.L.P. Stals, ``Die suksesvolle vestiging van die Afrikaner in die stad'', Handhaaf, Jaargang 23, Nr. 6, Augustus 1986.

Die dilemma waarin die Afrikaner hom nóú bevind het was dat hy nòg beheer oor die industrie nòg die mondering gehad het om op geskoolde vlak homself te handhaaf.
Met die aanbreek van die jare dertig was die Afrikaner 'n verstedelikte wese. Min het hulle besef dat die volgende tien jaar vol van skokke en materiële worsteling sou wees. Dit het die Afrikaner inderdaad voor 'n vuurproef te staan laat kom.

Ten eerste was daar die grootskaalse **armoede** wat die Afrikaner in die stad getref het. Hulle het met die verskuiwing na die stad hoofsaaklik in die armer buurtes ingetrek, waar oorbewoning, drankmisbruik, prositusie en werkloosheid ernstige afmetings begin aanneem het. In 1924 byvoorbeeld kon slegs l,l% Afrikaners dit bekostig om in gegoede buurtes tot woon. Sowat 56% van alle Afrikaners in die stad was tydelike huurders. Hierdie toestand het onberekenbare maatskaplike en ekonomiese ontwrigting, om van gebroke menseverhoudings en politieke wantroue nie te praat nie, tot gevolg gehad. Giliomee beskryf die toestand van die Afrikaner in Johannesburg as "'n prentjie, van ongeletterdheid, agterlikheid en ongesofistikeerdheid".[1)]

Dit was veral in die ongeskoolde werkskategorieë waar die Afrikaner 'n heenkome moes soek. Hier moes hy meegeding het met ongeskoolde swartarbeiders wat teen 'n laer loon deur bedrywe in diens geneem was. Deur die Wet op Myne en Bedrywe en die sogenaamde Loonwet wat in die laat-twintigs deur die Hertzog-bewind op die wetboek geplaas is, was sekere kategorieë blanke arbeiders voorlopig verseker daarvan dat hulle bloot op grond van klassifikasie as "Blank" 'n vaste minimum loon per dag kon ontvang. Daarbenewens het die staat deur die oprigting van Yskor in 1928 duisende werkers in die Pretoria-omgewing van 'n vaste inkomste verseker. Grootskaalse indiensneming in die staatsdiens, spoorweë en polisiedienste het verseker dat swak en ongekwalifiseerde Afrikaners 'n vaste loon kon verkry. Teen 1936 was byvoorbeeld 59% van die werknemers in die staatsdiens en 66% in diens van die spoorweë Afrikaanssprekend.


Ten spyte van volgehoue pogings deur die Hertzogregering om werk aan blankes te verskaf, het die Afrikaanssprekende, juis as gevolg van gebrekkige beroepsopleiding, in die dertigerjare geneig om in die laer range vas te steek. In die staatsdienssektor was middel- en topbestuursposte uitsluitlik deur Engelssprekendes beklee. Teen 1936 was 33 tot 44 hoofde van staatsdepartemente Engelssprekend. Dit was by hoë uitsondering dat 'n Afrikaanssprekende in ingenieursbedrywe homself kon vestig. Teen 1946 byvoorbeeld, was die posisie in die volgende kategorieë as volg:

| PROFESSIONELE BEROEP | ENGELS-SPREKEND | AFRIKAANS-SPREKEND |
|---|---|---|
| Elektriese ingenieurs | 1,277 | 156 |
| Meganiese ingenieurs | 990 | 93 |
| Mynbou-ingenieurs | 630 | 34 |
| Struktuur-ingenieurs | 35 | 5 |
| Siviele ingenieurs | 1,701 | 189 |
| Chemiese ingenieurs | 1,097 | 272 |

Bron: S. Trapido, "Political institutions and Afrikaner social structures in the Republic of South Africa", *American Political Science Review*, Vol. LV11, NR. 1, Maart 1963, p.8.

Teen 1932 het die Carnegie Ondersoek na Armoede in Suid-Afrika bevind dat soveel as 300,000 Afrikaners uit 'n totale blanke bevolking van 1,800 000 as "baie arm" beskryf kon word. Hierdie getal het baie plaasboere ingesluit wat sedert 1930 deur 'n knellende *droogte* tot ondergang gedwing was. Dit was die tweede groot skok wat die Afrikaner getref het. Groot dele van die Unie het geen reën sedert die somer van 1930 gehad nie. Dit was eers in 1933 wat die eerste wydverspreide reën verligting vir boere gebring het. Die volgende lyngrafiek dui die persentasie afwyking van die gemiddelde jaarlikse reënval vir die somerreënvalgebied in die geheel aan.


TABEL IV



Bron: P.D. Tyson en T.G.T. Dyer, "The predicted above-normal rainfall of the Seventies and the likelihood of droughts in the eighties in South Africa", *South African Journal of Science*, 74, 1978.

Dit was eers ná 1936 wat die persentasiereënval hoër as die gemiddelde tussen 1910 en 1977 was. Die uitwerking van 'n geografies-relevante aspek soos reën en droogte op die sosiale en ekonomiese opset van die Afrikanergemeenskap kan nouliks oorbeklemtoon word. Eén onmiddellike gevolg van die droogte was dat verstedeliking dramaties toegeneem het. Daarbenewens het finansiële depressie die Unie getref en die waarde van die Suid-Afrikaanse pond het teruggesak na 'n vlak laer as waar dit tot ná die Eerste Wêreldoorlog was. Dit het die tendens van verarming vererger deurdat pryse hoog was en geld min. Die volgende kurwe toon die daling en styging in landboupryse 1902-1945 aan:

Tabel V




Die konjunktuur (siklisie of golfbeweging) van landboupryse 1902-1945.

Bron: N. Dryer (Red en medewerkers, *Geskiedenis vir Suid-Afrikaanse Skole St. 10,* 1987.

Teen hierdie agtergrond het politieke veranderinge in 1933-1934 plaasgevind wat 'n diepgaande uitwerking of Afrikanernasionalisme sou hê. Dit was juis die politieke vloeibaarheid en moedeloosheid wat uit die "Groot Depressie" van die vroeg-dertigs gevloei het wat 'n onmiddellike invloed op hierdie herrangskikking van die bestaande orde tot gevolg gehad het.

Vroeg in 1933 het generaal J.C. Smuts toenadering tot generaal Hertzog se Nasionale Party gesoek. Die rede vir hierdie onverwagse politieke maneuver van Smuts was 'n reaksie op die terugkeer van advokaat Tielman Roos tot die aktiewe politiek en dié se eis dat beide Smuts en Hertzog agter hom moes inval om 'n nuwe regering te vorm wat die Unie uit sy ekonomiese dilemma kon help. Nòg Smuts nòg Hertzog was bereid om te deel in Roos se politieke dobbelspel. Teen Februarie 1933 het die twee generaals ten koste van Roos tot 'n politieke vergelyk gekom wat uitgeloop het op 'n koalisie-regering wat in Mei 1933 deur 'n groot meerderheid van die kiesers aanvaar is. Koalisie het spoedig 'n sukses geblyk te wees. In 1934 het dit tot die samesmelting van Smuts se Suid-Afrikaanse Party en Hertzog se Nasionale Party gelei. Die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party het op 5 Desember 1934 tot stand gekom met Hertzog as premier en Smuts as adjunk-premier en minister van Justisie.

Die uitwerking van hierdie gebeure het traumatiese gevolge vir die Afrikaner ingehou. Dit het nie alleen tot 'n fundamentele skeiding van weë tussen Afrikaner en Afrikaner gelei nie maar inderdaad ook 'n verintensifisering van Afrikanernasionalisme tot gevolg gehad. Aan die wortel van hierdie oplewing het die beskouing van 'n groep Afrikaners wat onder dr. D.F. Malan hulself in die Gesuiwerde Nasionale Party verenig het, gelê. Dié groep het 'n sterk standpunt van afskeiding en beëindiging van bande met Brittanje ingeneem.

Vir hulle, die sogenaamde "suiwer Afrikaners", was die assosiasie van Hertzog met Smuts **mutatis mutandis** ook 'n assosiasie met stedelike kapitalisme en daardeur ook met Britse imperialisme. Die Afrikaner se stryd met Hertzog het egter nie begin in 1933 nie. Onmiddellik ná die Rykskonferensie van 1926 waartydens die sogenaamde Balfourverklaring aanvaar is, het 'n onsigbare breuk tussen Hertzog en 'n groep van sy

volgelinge begin ontwikkel. Dit kan toegeskryf word aan Hertzog se algehele tevredenheid met die **de facto** status van die Unie as soewereine staat wat uit eie keuse lid van die Britse Gemenebes van Nasies was. Hertzog het in onbevange terme sy respek vir die Kroon as saambindende krag betuig en sedert 1930 met toenemende geesdrif van die "beëindiging van 'n honderd jaar van stryd tussen Boer en Brit" Volgens Hertzog was die tyd ryp dat Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes een nasie kon word.

Hierdie standpunt van Hertzog het impliseer dat daar ruim gemeenskaplike snypunte tussen Hertzog en Smuts se politieke standpunte sou wees. Beide die generaals het die verbintenis met die Britse Gemenebes van Nasies en 'n *conditiones sine quo non* aanvaar. Dit soubeteken dat hulle in teoretiese sin, presies dieselfde ryksbeskouinge sou huldig. Ten opsigte van praktiesekwessies soos neutraliteit en sesessie het hulle ooreengekom om te verkil. 'n Vername implikasie van Hertzog se aanvaarding van die Balfourverklaring was dat republikanisme as politieke ideaal laat vaar is. Dit is egter verkeerd om die versaking van die republikeinse droom as rede vir die oplewing van Afrikanernasionalisme aan te voer. Republikanisme was nooit 'n einddoel van Afrikanerpolitiek nie. Hoogstens was dit 'n reaksie in die twee noordelike provinsies op Britse imperialisme en in die dertigerjare 'n handige slagspreuk wat Afrikanereenheid tot gevolg moes hê. Dit word bewys deur die feit dat doktor D.F. Malan, wat nooit 'n repulikein van oortuiging was nie, tog toe gegee het dat Artikel 4 van die Program van Beginsels van die Gesuiwerde Nasional Party *inter alia* sou stel dat die party hom ten doel stel "om die selfbeskikkingsreg van die Unie langs konstitusionele weg toe te pas,totdat SuidAfrika n vrye en soewereine onafhanklike republiek sal wees, afgeskei van die Britse Kroon en Gemenebes...." 3

Die verwydering tussen Hertzog en baie van sy volgelinge was ook die gevolg van 'n fundamentele distansiëring van 'n groep Afrikaners van die politieke beleid van versoening wat in die Unie teenwoordig was. Met die stigting van die FAK in 1929 en die Republikeinse Bond in 1930 het 'n kultuurgerigte stroming in Afrikanerpolitiek begin groei. Daar is in vertroulike kringe van die Afrikaner-Broederbond (wat in 1918 tot stand gekom het om "suiwer" Afrikanerbelange te beskerm) gefluister dat Hertzog nie met die diepste belange van die Afrikanerdom *per se* vetrou kon word nie. Daar was toenemende onrustigheid in hierdie kringe oor die konsensusbenadering van Hertzog. Toe Hertzog in 1934 wél met Smuts geassosieer het, het die weë van die politiekgerigte Afrikaners onherroeplik geskei van dié van die kultuurgerigte Afrikaners.

Die derde trauma wat die Afrikaner in die dertigerjare moes ervaar was dat Afrikanernasionalisme in 'n *aggressiewe, ideologiese* vorm herlewe het. Die Gesuiwerde Nasionale Party het as politieke tuiste vir 'n groep gedien wat hulleself totaal losgemaak het van die hoofstroom in die Suid-Afrikaanse politiek. Worrall sê dat "in contrast to the reconciliation character of the South African political system, Afrikaner nationalism from 1934 until the early sixties formed a subsystem of the mobilisation type within the South African polity".4

In sy weerstand teen 'n assosiasie met Britse geldbelange en Britse imperialisme het die Afrikaner hom onttrek - geïsoleer - van die gemeenskap as geheel. Die *raison d'etre* agter hierdie onttrekkingsimptoom was 'n vrees dat die verarmde Afrikaner in die stad uitgelewer sou word aan die Engelssprekende besittersklas en dat die Afrikaner as volks groep of ekonomiese gebied tot permanente tweederangse status gedwing sou word.

**Dit was juis hierdie ekonomiese orde waaraan die Afrikaner wou ontsnap. Kapitalisme is met die Engelssprekende geassosieer en het tot 'n hernieude anti-Engelse gevoel aanleiding gegee wat daartoe gelei het dat die Herenigde Nasionale of Volksparty 5 in die veertigerjare inderdaad geweier het om Engels as amptelike landstaal naas Afrikaans te erken. Gedurende die jare 1936 tot 1939 het 'n hewige anti-Joodse**



gevoel opgevlam wat sy oorsprong in 'n afkeer aan kapitalisme gehad het. Afrikanernasionalisme het in sy negatiewe vorm kapitalisme as finansiële stelsel verwerp en sterk oorgeleun na sosialisme.

In sy positiewe vorm het Afrikanernasionalisme tot 'n mobilisering en organisering van Afrikanerkragte op finansiële en sosiale gebied aanleiding gegee. Met die herfomulering van ekonomiese doelwitte het Afrikanernasionalsime as mikpunt gehad die opheffing van die Afrikaner uit sy armlastige situasie. 'n Rangorde van nuwe, spesifiek suiwer Afrikanerorganisasies wat die etnosentriese karakter van die Gesuiwerde Nasionale Party weerspieël het, het tot stand gekom. So is daar as ekwivalent vir Engelse of bestaande organisasies 'n Voortrekkerbeweging, Noodhulpliga, Afrikaanse Studentebond, handelsbanke, versekeringsmaatskappye, kultuurrade, goudmynbedrywe, jeugbewegings, motorklub en nog meer gestig. Hierdie feit het op sy beurt tot die noodwendige oorbeklemtoning van 'n sogenaamde "suiwer Afrikaner"-begrip gelei wat van Afrikanernasionalisme in die dertigerjare 'n ideologie gemaak het. In sy mees ekstreme vorm kon daar na 'n Afrikanerjingoïsme verwys word.

In hierdie verband het die Afrikaanse Calvinistiese kerke en universiteite 'n belangrike rol gespeel. Suiwer Afrikanerskap is aan 'n Calvinistiese godsbeskouing gekoppel. Filosowe aan veral die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het swaar op die Nederlandse denker Abraham Kuyper geleun wat die gedagtes van soewereiniteit in eie kring verkondig het. Hiervolgens het God bepaalde sfere georden waarbinne die mens sou opereer. Hierdie ordening het ook vir volksgroepe gegeld. Die saamtrekkende kragveld van 'n bepaalde volksgroep was dus 'n noodwendige godsverordening. 'n Beklemtoning van 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing het plaasgevind wat Afrikanernasionalisme 'n sterk Christelike inslag gegee het. Begrippe soos Godsvolk, roepingsbewustheid en uitverkorenes het inslag gevind wat Afrikanerkultuur 'n duidelike gedefineerde karakter gegee het Veral in Afrikaanse skole het onderwysers getrou èn slaafs hierdie denkwyses op leerlinge afgedwing.

Hierdie suiwer Afrikaneropvatting het duidelik uitgekristalliseer in die *1938-Ossewatrek*. Vir die Afrikaner sou dit die vierdie trauma wees wat hy ervaar het. Wat vir sommige 'n keerpunt en steunpunt in die Afrikaner se ontwaking" was, was vir ander 'n miskenning van die goeie gesindheid

